**23 SEPTEMBER 2017**

## BRAHMAN NASIONALE VEILING : DIE VOLGENDE BEPALINGE IS VAN TOEPASSING OP DIE NASIONALE VEILING

1(a) Alle diere ingeskryf vir verkoop moet ten volle geregistreer wees.

2(a) Die veilingskomitee sal reëlings tref vir Plaas Inspeksie.

2(b) Alle veilingsdiere sal die dag voor die veiling finaal vir veilingsgereedheid en kwalifiserende standaarde gekeur word deur die Beoordelaars soos aangewys deur die Raad.

2(c) Alle beeste ingeskryf moet in die verkoopsring gebring en te koop aangebied word, behalwe diere wat afgekeur is mag nie te koop aangebied word nie, selfs al verskyn hulle in die Verkoopskatalogus.

2(d) Die keurder het die reg om a.g.v. diskriminerende foute, al is dit nie diskwalifiserend nie, 'n dier af te keur vir die Nasionale Veiling.

3. Bulle mag nie jonger as **30** maande wees nie. Geen maksimum ouderdom is van toepassing nie.

4(a) Bulle wat aangebied word moet vrugbaar gesertifiseer word d.m.v. 'n vrugbaarheidstoets wat binne 30 dae van die veiling deur 'n Veearts gedoen is en sodanige sertifisering moet voor die keuring vir die veiling aan die Ras Direkteur oorhandig word.

4(b) Bulle moet ook deur 'n Veearts geslagsiekte-vry gesertifiseer word. Geldige skedewas sertifkate, TB en BM sertifikate moet voor die keuring vir die veiling ingehandig word.

4(c) **Alle bulle se DNS moet aangeteken wees by die Genootskap, asook vaderskap bevestiging.**

5(a) Minimum ouderdom vir oop verse is **12** maande.

5(b) Alle vroulike diere ouer as 30 maande moet dragtig wees of met 'n kalf aangebied word. Dragtigheid moet deur 'n Veearts gesertifiseer word en sodanige sertifisering moet voor die keuring aan die Ras Direkteur oorhandig word. Koeie moet 'n TKP **485** dae handhaaf. **LET WEL:** Ingevolge die Genootskap se beleid moet 'n vers haar eerste kalf hê voor of op 45 maande, ten einde te verseker dat die registrasiewaardigheid van sodanige dier nie gekanselleer word nie. Moeders van bulle mag 'n maksimum TKP van 500 dae hê.

6. Geen dier mag in die Verkoopsring ingebring word tensy dit in die Verkoopskatalogus ingeskryf is nie. Geen vervanging van enige dier word toegelaat, nadat inskrywings in die katalogus gesluit het nie.

7. Inskrywingsfooie beloop **R1140-00** (EENDUISEND EENHONDERD EN VEERTIG RAND) vir diere en is betaalbaar met inskrywing aan die Brahman Genootskap. Inskrywingsfooie word vir promosie van die Nasionale Veiling aangewend en is onder geen omstandighede terugbetaalbaar nie, selfs al sou 'n dier kragtens 2(b) afgekeur word.

8 Vir hierdie Nasionale Veiling sal die volgorde wees volgens die gemiddeld van die twee hoogste pryse behaal op die 2016 veiling, hoogste gemiddelde prys eerste en laagste gemiddelde prys laaste. Alle nuwe toetreeders sal alfabeties op geregisteerde Lidnaam volg na 2016 se laaste deelnemer. Daar sal drie rondtes wees; eerste rondte 1dier, tweede rondte 2 diere, derde rondte die res.

9. Die Raad sal jaarliks besluit wie die afslaers is vir die Nasionale Veiling.

10. As daar 'n werklike bod vir 'n dier gemaak word en die afslaer kan dit sertifiseer, en die verkoper aanvaar dit nie, is die verkoper aanspreeklik vir die kommissie vir daardie bedrag. Die reserwe prys moet aan die afslaers voorsien word voor die veiling.

11. Inskrywingsvorms moet vergesel word deur die vrywaringsvorm.

12. Kommissie van **7.5%** word oorbetaal aan die Afslaer.

13. Alle diere wat op 'n Nasionale Veiling, onder die beskerming van die Genootskap aangebied word, moet ondersteun word deur sy prestasie syfers (BTWs).

14. Inskrywings sluit Vrydag **15 Augustus 2017**

15. Alle bulle wat op veiling kom moet gekeur en met die B gebrandmerk wees.

16. **Alle veilingsdiere moet tydens die Expo in die halter- of nie-haltermak afdelings vertoon word en moet dus voldoen aan die Expo uitstallingsreëls, asook beskikbaar wees vir besigtiging**.

**23 SEPTEMBER 2017**

## BRAHMAN NATIONAL SALE: THE FOLLOWING CONDITIONS ARE APPLICABLE TO THE NATIONAL SALE

1(a) All animals entered for sale must be fully registered.

2(a) The auction committee will make arrangements for farm inspection.

2(b) All sale animals will be finally screened the day before the sale for sale readiness and qualifying standards by the Judges as appointed by Council.

2(c) All animals entered for sale must enter the sale ring and be offered for sale, except in the case of animals rejected for sale worthiness. Such animal(s) will not be permissible for sale even if such animal(s)' particulars appear in the catalogue.

2(d) The inspector has the right to, as a result of discrimination, even if it is not a disqualification, reject an animal for the National Sale.

3. Bulls may not be younger than **30** months. No maximum age is applicable.

4(a) Bulls offered for sale must be certified as fertile by means of a fertility test by a Vet. Such a test must be performed within 30 days prior to the sale and the Certificate must be handed in to the Breed Director prior to the screening for the sale.

4(b) Bulls must also be certified by a Vet to be free of any venereal disease. Valid sheath wash certificates, TB & CA certificates must be handed in prior to the screening for the sale.

4(c) **The DNA of all bulls must be recorded at the Society as well as sire confirmation.**

5(a) Minimum age for open heifers is **12** months.

5(b) All female animals older than 30 months must be in calf or presented with a calf. Females must be certified pregnant by a vet, and such a certification must be handed to the Breed Director prior to the screening for the sale. Cows must maintain an ICP of **485** days. **TAKE NOTE:** According to the Society's policy a heifer must have had her first calf before or at 45 months, in order to ensure that registration worthiness of the animal is not cancelled. Maximum ICP for dams of bulls is 500 days.

6. No animal may enter the sales ring if not entered in the Sales Catalogue. No replacement of any animal will be permissible after entries have closed.

7. Entry fees amounts to **R1140-00** (ONE THOUSAND ONE HUNDRED AND FOURTy RAND) per animal for animals will need to accompany the entry form and are payable to the Brahman Society. Entry fees will be appropriate for the promotion of the National Sale and are not refundable, even if an animal is rejected in accordance with Clause 2(b).

8. For this National Sale the sequence will be according to the average of the two highest prices attained at the 2016 sale, highest average price first and lowest average price will be last. All new entries will follow alphabetically according to registered Member name after the last 2016 participant. There will be three rounds; first round 1 animal, second round 2 animals, third round the rest.

9. Council will decide annually who the auctioneers for the National Sale will be.

10. If a real bid was made for an animal, and the auctioneer can verify it, and the seller does not accept it, then the seller is responsible for the commission of that amount. The reserve price must be supplied to the auctioneer before the sale.

11. Entry forms must be accompanied by Indemnity forms.

12. Commission of **7.5%** will be paid to the Auctioneer.

13. All animals presented at the National Sale, under the auspices of the Society, must be supported by performance values (EBVs).

14. Entries close Friday **15 August 2017.**

15. All sale bulls must be inspected and B-branded.

16. **All sale animals must also be exhibited in the halter trained or non-halter trained divisions and must therefore comply with the Expo exhibitor requirements, as well as being available for viewing.**